# VOORBIDDING:

Geroep Gewillig Gestuur



**Wêreld**: Botswana en Zimbabwe. Slagoffers van terreur en geweld regoor die wêreld. Die Midde-Oosterse onstabiliteit en oorlog, die uitkringeffek daarvan op die res van die wêreld en die slagoffers weens aanvalle en teenaanvalle. Die beëindiging van die oorlog in Oekraïne en die slagoffers van beide Rusland en Oekraïne. Willem en Alla van der Colff en die werk wat hulle in Oekraïne doen. Ntsiuoa Tsemane en die werk wat sy in Malawi doen. Oplossings, planne en samewerking om aardverwarming se pas te vertraag en moontlik om te keer, asook om plastiekbesoedeling te verminder. Slagoffers van natuurrampe regoor die wêreld.

**RSA & Dorp:** Ekononie - sakelui, arbeidsmag, werkslus, werkskepping en Stellemploy. Al die uitdagings waarmee ons land sukkel in basiese onderwys sowel as verdere opleiding. Oplossings vir die hoë misdaadsyfers, veral misdade teen onskuldige kinders en kwesbares. Bendegeweld, taxigeweld en slagoffers en gevolge daarvan in gemeenskappe. Hoop vir mense in gemeenskappe wat onder erge droogte gebuk gaan. Oplossings vir ons land se energiekrisis asook water– en sanitasie uitdagings. Politieke stabiliteit in ons land en wysheid en samewerking in die regering van eenheid. Werkbare oplossings en samewerking om die beken-klouseer ramp af te weer. Ondersteuning aan vloedslagoffers en opruimingspanne en die heropbou van plase en plaasgemeenskappe.

**Gemeente & Kerk:** Lidmate wat treur, siek en verswak is en diegene onder behandeling en aan die herstel. Dankbaarheid vir God se sorg. Gehoorsaamheid aan ons missie: Geroep, Gewillig, Gestuur. Moed vir die laaste stukkie van die tweede kwartaal. Dankbaarheid vir 'n geseënde Dankbaarheidsmaand in Mei. Studentekinders en hoërskoolkinders besig met eksamen en ook die laerskoolkinders wie se eksamen begin.

**Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag verjaar**: Annatjie Fouché (Huis Bloemhof), Kobus Hunter (Speciosa) en Hannelize Loubser (La Cleménce).

U, Here, laat my lamp helder skyn. My God gee lig as dit donker is om my. *Psalm 18:29*




## Ons is 'n groen gemeente wat herwin!

In die vierkant by die houers, waar ons papier en glas herwin vir Huis Horison, is daar houers vir elektroniese en elektriese toerusting, asook vir energiebesparende gloeilampe, batterye en ou selfone. Jy kan selfs drukkers en ander rekenaartoerusting wat stukkend is, of elektroniese speelgoed met batterye in, bring. Dan kan jy ook klere, beddegoed, handdoeke en lappe (in 'n goeie toestand) bring, skoon joghurthouers (en ander skoon kosverpakkings waarin Voedingsaksie kos kan bedien) en ook huishoudelike items in 'n goeie toestand wat op die Wit Olifante Tafel verkoop kan word of aan die ACVV se winkel, *Ampe Veniet*, geskenk kan word. Sporttoerusting en boeke is ook welkom.



Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

# WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.

**14 Junie 2026**

Koninkrykstyd

Biddag vir Jeug en Kategese

Jaartema: SORG

| | |
|---|---|
| Erediens | 09:30 |
| Tema | Gasvryheid: Om te gee én te ontvang |
| Skriflesing | Genesis 18:1-15 |
| Prediker | Elzanne van der Westhuizen |




## Dankie, dankie, dankie!

Baie dankie aan almal wat gedurende ons Dankbaarheidsmaand spesiale finansiële bydraes gemaak het. Ons is opreg dankbaar vir elkeen se vrygewigheid en goedgesindheid. Die bedrag van R479 447 is tot op hede ontvang.

## Pos van Koster/ Adminbeampte

Aansoeke word ingewag vir diensaanvaarding so spoedig moontlik. Alle inligting rondom die pos is beskikbaar by die kerkkantoor (021 886 5975 / skriba@stelwel.co.za).
***Aansoeke sluit 26 Junie***.

## Biddag vir Jeug en Kategese

* Bid vir ons jeug en hul mentors: kategete & leiers, predikante en diensleraars, ouers & voogde.
* Bid vir uitdagings: skole & onderwysers, kinders in koshuise, honger kinders, angstige en eensame kinders, hartseer kinders, vir veiligheid en hulp.
* bid vir kategese en gemeentes: dat huisgeloof in elke huis sal gebeur en dat kategese sal groei in getalle en diepte in gemeentes.

Is jy mal oor **handwerk** in alle vorme en het jy altyd 'n projek of nuwe handwerkuitdaging waarmee jy jouself besig hou? Sien jy dalk kans om items vir vanjaar se Handwerktafel by ons Lentefees in September te maak en te skenk? Of sien jy kans om die **konvenor of hulpkonvenor** te wees? Skakel asb die kerkkantoor (021 886 5975) of stuur 'n e-pos na skriba@stelwel.co.za. Ons kan nie wag om al die mooi items te ontvang nie!




**<u>ONS KANTOORURE is:</u>** Maandae - Vrydae van 08:00 tot 13:00

**PROGRAM VIR DIE VOLGENDE WEEK: Maandag 15/06 tot Sondag 21/06**

| | | |
|---|---|---|
| Ma 15/06 | | **Skolevakansiedag** *(kerkkantoor is gesluit)* |
| Di 16/06 | | **Jeugdag** *(kerkkantoor is gesluit)* |
| Wo 17/06 | 09:30 - 10:30 | **Geloofsgroei Byeenkoms in die konsistorie.** Almal is welkom! Danie Goosen is die aanbieder. Ons kuier na die tyd verder saam in die vierkant met tee en koffie. |
| Do 18/06 | 09:00 - 12:00 | **Naaldwerkbediening:** Kom werk saam met die vroue van die Naaldwerkbediening aan die projekte wat hulle aanpak. |
| So 21/06 | <br><br>09:30<br>09:30<br><br><br>10:30<br>18:00 | **Koninkrykstyd**<br>**Vadersdag**<br>**Erediens:** Elzanne van der Westhuizen<br>**UIT-Sondag vir ons kinders:** PANNEKOEKSONDAG! Kinders begin eers die erediens saam met hul ouers voordat hulle saal toe gaan.<br>**Kerkbiblioteek en Koinonia Kafee:** in die vierkant<br>**Diens by Bonheur**: Danie Goosen |

**Die deuroffer vandag gaan aan Sending: Zimbabwe, Malawi en Mosambiek:** Die susterskerke in Zimbabwe, Malawi en Mosambiek is altyd dankbaar vir ons ondersteuning. Die handhawing van ons verhouding met ons familiekerke in Afrika bly belangrik. Meer inligting is beskikbaar by die webwerf https://getuienis.christians.co.za/

Het jy al in die voorraadkamers van die sneeu ingegaan, en die voorraadkamers van die hael - het jy dit al gesien? *Job 38:22*

Die deuroffer aan die Oekraïne-Sending op 7 Junie was R2 537-50.
***BAIE DANKIE!!***
Volgende week se deuroffer gaan aan Geopende Deure.

**Betaal met SNAPSCAN** (onthou om 'n verwysing in te tik.)



## Junie se Barmhartigheidsaksie-tema fokus op:
**Getuienis en Sending.** Ons samel steeds warm klere, reënklere en komberse in wat ons uitdeel aan instansies om in die koue maande in die Stellenbosch-omgewing te versprei.

*Die deuroffers sluit aan by die tema en gaan aan die Oekraïne-Sending, Sending: Zimbabwe, Malawi en Mosambiek, Geopende Deure en Biblia Hawesending & Seelui.*





**Bankbesonderhede**
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149821/198765 Rekno: 149 8046 320

**NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen**
Telefoon: 021 886 5975
E-pos: skriba@stelwel.co.za

## Lesotho-uitreik 2026
Ons beplan weer hierdie jaar 'n uitreik na Lesotho. Die datums is 24 September tot 3 Oktober. Alle lidmate, oud en jonk, is welkom om saam te kom. Hoërskoolkinders kan sonder hul ouers reis, maar laerskoolkinders moet asb vergesel wees van een of beide ouers. Kry ook solank alle paspoorte in orde! Indien jy/julle wil saamkom, kontak vir Braam Horn (071 608 4398 / braam.horn@mediclinic.com).



## Pastorale versorging in ons gemeente
As 'n omgeegemeenskap is dit vir ons belangrik om mekaar te versorg en dit is deel van elke lidmaat se verantwoordelikheid teenoor mede-lidmate. Ons is ook bevoorreg om twee leraars te hê wat graag besoeke bring en hulp verleen.
Indien jy huisbesoek verlang, skakel asb enige van die leraars of die kerkkantoor. Indien jy siek is of in die hospitaal en besoek verlang, laat weet asb onverwyld die kerkkantoor (Kerkkantoor: 021 886 5975).
Die leraars is toegewys aan 'n leraarswyk, maar jy is welkom om die leraar van jou keuse te kontak: Paradyskloof en die Bo-Boord, asook plase en adresse na die Strand se kant toe, val onder Danie Goosen se sorg (079 525 3624 / danie@stelwel.co.za).
Dalsig, Brandwacht, Krigeville en die Onder-Boord, asook alle plase en buitewyke aan die noordekant van Stellenbosch, val onder Elzanne van der Westhuizen se sorg (074 144 9226 / elzanne@stelwel.co.za).
*Ons onthou altyd ons visie se woorde – om mekaar in verhoudinge op te bou - ons wil graag sorg dra vir mekaar!*

## Finansiële hulp gevra vir inwoner van Geluksoord
'n Inwoner gaan binnekort haar plek in Geluksoord Tehuis vir bejaardes verloor aangesien sy geen fondse meer het nie en haar kinders ernstige finansiële probleme het. Kontak vir Estelle Aspeling (082 787 5720 / jaa@sun.ac.za) as jy jou weg oopsien om 'n bydrae te maak.

Ons het weer wol aangekoop—kom maak gerus 'n draai by die kerkkantoor en kom haal van die wol om tuis te brei. Maak so 'n groot verskil, op jou eie tyd, deur die groot behoefte aan warm kindertruie, musse, serpe, babakombersies en slaapsokkies aan te spreek.



**Teken in op ons E-Nuusbrief:** Gaan na stelwel.co.za, kliek op "kontak ons" en kies "teken aan op ons E-nuusbrief". Volg die maklike stappe en siedaar, jy ontvang Vrydae 'n vriendelike hallo-sê van die kerkkantoor met al die nuus.

**Nagskuiling-koepons** (R10) is by die kerkkantoor te koop en kan gegee word aan persone op straat wat dan by Nagskuiling kan oornag, 2 etes ontvang en kan stort.

## Huisgeloofblad vir gesinne
Gesinne wat 'n hulpmiddel soek om tuis saam te lees, gesels, doen en bid, is welkom om 'n Huisgeloofblad af te laai van ons webwerf (www.stelwel.co.za) of die DinkJeug-webwerf (www.dinkjeug.co.za), of kry die skakel in ons E-Nuus. Die teksgedeeltes sluit ook aan by die teks wat in die erediens gebruik word.